Die Suid-Afrikaanse Boerboktelersvereniging
The South African Boer Goat Breeders Association
Griffithstraat 12 Griffith Street, Aliwal-North, 9750
Tel: 083 378 6370 / 082 735 6118
info@boerboksa.co.za / www.boerboksa.co.za

Algemene inligting

EN INTERNE REËLS

Reëls en voorwaardes vir lidmaatskap:

A. Aansoek om lidmaatskap word gedoen by die kantoor, waarop die voornemende lid 'n inskrywingsvorm sal ontvang. Daar word van alle lede verwag om lojaal teenoor die Telersvereniging te wees en op te tree. Griewe kan skriftelik aan die kantoor gerig word en dit sal dan op die Raads- of jaarvergadering voorgelê word. 'n Lid wat die Telersvereniging in onguns bring of prober bring kan as 'n lid geskors word. Verwys grondwet Punt 6:6.1 en 6.7.

Inspeksie Prosedure:

A. Aansoek om inspeksie moet deur die kantoor gedoen word.
B. Telers moet die vorm van die vorige inspeksie met elke inspeksie toon.
C. Inspekteurs dae is verpligtend vir alle inspekteurs, wat outomaties ook die beoordelaars insluit. Inspekteurs wat twee sulke dae misloop sonder skriftelike verskoning, of drie dae met verskoning, se name word van die lys geskrap.
D. Elke stoetteler moet **elke tweede jaar** 'n verpligte inspeksie laat doen, so nie mag die lid op geen nasionale of streek veiling of nasionale of streekskou diere aanbied of vertoon nie.
E. Die bestuur behou die reg voor om beoordelaars en inspekteurs van die onderskeie lyste te skraap.
F. Die kostes van inspeksies beloop soos volg:
   1. Vir die inspekteur: R 400 dagfooi + R8 per km gereis. (Betaalbaar aan inspekteur op dag van inspeksie.)
   2. Vir die S.A.BTV kantoor: R 100 dagfooi + R2 per bok voorgejaag. 'n Faktuur sal aan u gestuur word na afloop van die inspeksie, wanneer die verslag van die inspekteur ontvang is.

Veilings:

A. Amptelike veilings is veilings vir alle lede, onder die beskerming van die Telersvereniging op plekke soos deur die bestuur aan die begin van elke jaar voorgestel. Alleen stoettelers mag bokke op so 'n veiling verkoop.
B. Alle bokke sal onderhewig wees aan keuring deur inspekteurs deur die bestuur aangestel.
C. 1% Kommissie sal gehef word op alle bokke wat verkoop is. Die afslaers sal 'n bykomende kommissie hef in ooreenkoms met die bestuur. Alle lede sal inskrywingsvorms vir amptelike veilings ontvang en, na so 'n veiling sal die afslaers 'n afskrif van die veilings rol aan die kantoor stuur.

Privaat- en skouveilings:

A. Sulke veilings kan deur ‘n privaat persoon onder die beskerming van die Telersvereniging gehou word.
B. Aansoek om verlof tot so ‘n veiling moet skriftelik by die kantoor gedoen word en sal onderhewig wees aan die goedkeuring van die bestuur.
C. Dieselfde reëls soos vir ‘n amptelike veiling geld, die kommissie aan die Vereniging sal 1%, wees en die verkoper dra alle onkoste i.s. inspeksie, advertensie, ens. self.
D. Daar sal geen veiling plaasvind een week voor of na ‘n amptelike veiling nie.
E. Inspeksie deur twee inspekteurs moet binne 14 dae voor so ‘n veiling geskied.
F. Geen ekstra diere (spaarwiele) mag na die nasionale- en klubveilings geneem word nie. Vir elke 5 ooie ingeskryf mag daar 1 ekstra nommer gegee word en vir elke 3 ramme ingeskryf mag daar 1 ekstra nommer gegee word. Geen afgekeurde diere mag voor of na die veiling op die veilings terrein verkoop word nie. ‘n Verkoper wat hom hieraan skuldig maak, kan as lid geskors word. Die inspekteurs het die reg om die volgende dag voor die veiling begin, bokke se bekke na te gaan om toe te sien dat die bekke nie voor die inspeksie gemanipuleer is nie.
G. Geen dier onder die ouderdom van 10 maande met ‘’n minimum gewig van 40kg mag op ’n veiling onder beskerming van die SABTV aangebied word nie.

Skoue:

A. Elke alternatiewe jaar word ‘n Wêreldskou in Bloemfontein gehou wat deur die S.A.BTV kantoor geadministreer word. Die alternatiewe jaar word daar ‘n Nasionale skou gehou wat op tender uitgesit word.
B. Streekskampioenskappe sal in die verskillende streke gehou word en is oop vir alle klublede.
C. Dieselfde punt van manipulering van foute op veilings geld ook op enige skou, bv. Druk van bekke, inkleur van pigment, uittrek van rooi hare, inspuit van doof middele of afsny van spene. Enige vertoner wat hom hieraan skuldig maak, kan as lid geskors word.
D. Geen inskrywings of diere sal na die sluitingsdatum soos deur die Skou Genootskap bepaal aanvaar word nie.
E. Geen diere wat nie deur die skouring is, mag by die skouveiling aangebied word nie, behalwe dié van die betrokke beoordelaars.

Skoue en Veilings:

Absesse word toegelaat, mits dit bedek is met hare en dit nie groter is as ‘n R5 muntstuk nie.